# Reëls van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging, uitgevaardig kragtens die Grondwet

**Soos op 8 Julie 2025**

Die volgende reëls neergelê ingevolge paragraaf 5.5.11 van die grondwet en soos van tyd tot tyd deur die **Uitvoerende Komitee** goedgekeur, sal geld as reëls vir alle lede en strukture van die vereniging.

**1. Ad Paragraaf 2.1.3.1**
**Bewys van ouderdom**

1.1. Telkens wanneer die ouderdom van 'n lid in geskil is, sal die lid sy ouderdom moet bewys deur die voorlegging van sy geldige identiteitsdokument of geboortesertifikaat of ander aanvaarbare dokument ter bewys van ouderdom.

**2. Ad Paragraaf 4.3**
**Skole-Vennootskap**

2.1 Skole-vennootskappe is junior kinders van `n skool wat by die Nasionale Jeugskou Vereniging betrokke is.
2.2 Skole moet `n verteenwoordiger aanwys wat die skole-vennootskap op Streeks Algemene Jaarvergaderings sal verteenvoordig.
2.3 Die skool is geregtig om ringe te bestel en die Sierduif te ontvang vir al die kinders wat aan die Nasionale Jeugskou Vereniging in die duiwe afdeling deelneem.
2.4 Die skool is verantwoordelik om jaarliks teen die einde Januarie `n naamlys aan die Nasionale Sekretaris en Nasionale Ringmeester deur te gee van die kinders wat by die Nasionale Jeugskou Vereniging in die duiwe afdeling deelneem.
2.5 Slegs landbouskoue en spesiale duiwedae wat nie met SASV skoue saamval nie sal gebruik word om oefenkampe vir die kinders te hou.
2.6 Skole moet alle reëlings met die landbougenootskappe tref vir verblyf en ander Nasionale Jeugskou Vereniging aangeleenthede.
2.7 Individuele kinders in die skole-vennootskap is geregtig op alle toekennings en onderworpe aan die reëls wat van toepassing is op gewone junior lede.

**3. Ad Paragraaf 4.2**
**Junior Lede**

3.1 Junior lede is persone onder die ouderdom van 18 jaar wat behoorlik tot die SASV toegetree het. Die junior lid kan op sy eie lid van die SASV wees, of in vennootskap met 'n ander junior of senior lid - in so 'n geval moet sy eie duiwe by wyse van ras, kleur en/of ringreeks by die onderskeie streeksekretarisse, geidentifiseer wees en gereeld opgedateer word.
3.2 Die junior lid mag enige skou bywoon en sal soos in die geval van senior lede, sy duiwe in die korrekte klasse vertoon.
3.3 ‘n Junior is geregtig om in die junior sowel as senior klasse te vertoon. Slegs die duiwe wat in die junior klasse vertoon word, sal in aanmerking kom vir die junior toekennings.
3.4 Waar 'n vennootskap uit 'n junior- en senior lid bestaan, mag die vennootskap slegs in die senior klasse vertoon.
3.5 Met die kampioenskapskou moet alle junior raswenners ‘n medalje en sertifikaat ontvang, dieselfde as vir senior raswenners volgens die oordeel van die beoordelaar.
3.6 Rasse in die junior seksie moet deur die verskillende rasbeoordelaars gedoen word. Aandag en tyd moet aan die junior duiwe bestee word.

3.7 Die kampioen junior duif moet in aanmerking kom vir die hooftoekennings tydens hoofbeoordeling.

3.8 Junior lede wat met dieselfde duifrasse as hul ouers of familie teel / skou moet in die senior afdeling skou.

3.9 ‘n Junior moet ten minste ses (6) jaar of ouer wees voordat hy/sy duiwe kan skou in die junior afdeling. Kinders onder ses (6) jaar kan in vennootskap skou.

3.10 Die junior duiwe moet bymekaar staan op ‘n skou en nie by die senior duiwe geplaas word nie.

3.11 Tydens jongduif- en streek skoue sal daar twee toekennings vir die junior’s gemaak word, naamlik kampioen junior duif op skou en reserwe kampioen junior duif op skou.

3.12 Tydens die Kampioenskapskou sal die top-7 (met inbegrip van ‘n Junior Kampioen Jongduif) wel aangewys word, maar slegs die Junior Kampioen en Junior Reserwe Kampioen sal punte verdien vir erekleure, soos tydens ‘n streek- of jongduifskou.

3.13 Die eienaars van die twee toekennings is geregtig op 'n toekenning, soortgelyk as in die geval van senior lede en daar mag onder geen omstandighede teen juniors gediskrimineer word nie.

3.14 **Junior Forum**

3.14.1 Met die oog op die bevordering van die stokperdjie onder die juniors, kan 'n Junior Forum verkies word, bestaande uit junior lede. Hierdie forum se hooftaak is om advies aan die Uitvoerende Komitee te gee oor hoe om die stokperdjie onder die jeug te bevorder en sodoende die lidmaatskap van die junior lede te verhoog. Enige ander sake rakende die jeug sal deur hierdie forum hanteer word.

3.14.2 Die Junior Forum sal geen finansies hanteer nie. Die Nasionale Tesourier sal enige borgskap/skenkings wat deur die Junior Forum ingebring word, hanteer. Die Junior Forum het die reg om voorstelle te maak oor hoe hierdie fondse aangewend kan word.

3.14.3 Die volgende lede kan vir die Junior Forum verkies word: Junior President, Junior Vise-President, Junior Sekretaris en Junior Publisiteitsbeampte.

3.14.4 Gedetailleerde notules moet by alle vergaderings deur die Junior Sekretaris geneem word en afskrifte moet binne dertig (30) dae na die vergadering aan die Nasionale Jeugverteenwoordiger gestuur word.

3.14.5 Die Junior Forum is teenoor die Uitvoerende Komitee verantwoordelik vir hoe hulle hul pligte uitvoer en kan te eniger tyd deur die Uitvoerende Komitee ondersoek word.

3.14.6 Die Junior Forum kan enige onderwerp in die Uitvoerende Komitee vergadering laat opneem vir bespreking. Die Nasionale Jeugverteenwoordiger tree op as woorvoerder vir die Junior Forum.

3.14.7 Geen lid van die Junior Forum mag enige vorm van vergoeding vir reis of verblyf ontvang nie.

3.14.8 Indien die Junior Forum ontbind word, moet die notuleboek aan die Nasionale Jeugverteenwoordiger oorhandig word.

## 4 Ad Paragraaf 7

### Aanwys van Top Junior Presteerder

4.1 'n Toekenning van top junior presteerder sal jaarliks tydens die kampioenskapskou gemaak word uit nominasies vanaf streekbesture ontvang. Die Uitvoerende Komitee sal 'n sub-komitee saamstel om die aansoeke te oorweeg en om die toekenning te maak. Die subkomitee sal bestaan uit die Nasionale Jeugverteenwoordiger en twee streekverteenwoordigers wat nie aan dieselfde streke as die applikante verbonde is nie.

4.2 Alle aansoeke moet by die Nasionale Jeugverteenwoordiger op die dag van inhok, ingehandig word. Die volgende aspekte moet in die motivering opgeneem word:

4.3 Hoe lank besit die junior reeds duiwe, met in agneming van sy ouderdom.
4.4 Getal skoue bygewoon en skouprestasie behaal, teenoor sy mede deelnemers en nie noodwendig net in die junior mededinging nie.
4.5 Die nominasie wat voorgelê word, moet ten minste aan een van die volgende aspekte voldoen:
4.5.1 Moes meer as 'n totaal van 20 duiwe op drie skoue vertoon het.
4.5.2 Moes op minstens een skou, waar ander juniors ook vertoon het, die junior kampioen duif vertoon het.
4.5.3 Bewyslewering dat die junior aktief hulp verleen tydens die duur van skoue waar hy/sy duiwe vertoon, byvoorbeeld om op te tree as helper vir beoordelaars.
4.5.4 Moet bewys lewer dat hy/sy in staat is om 'n artikel van nie minder nie as 200 woorde te kan skryf oor enige van die volgende onderwerpe: duiwesiektes, hokbestuur, skouvoorbereiding van duiwe en waarom hy/sy op 'n bepaalde ras besluit het, waarin die belangrikste eienskappe van die ras beklemtoon word.
4.5.5 Die applikant moet duiwe op die betrokke kampioenskapskou vertoon en self teenwoordig wees.
4.5.6 Die applikant moes die sierduifstokperdjie op minstens twee van die volgende maniere bevorder het:
4.5.6.1 Deur minstens een duiwevertoning by sy skool aan te bied.
4.5.6.2 Deur ander junior lede oor te haal om as lid by die SASV aan te sluit.
4.5.6.3 Deur hulp te verleen met die opslaan en afbreek van skoulogistiek in sy streek;
4.5.6.4 Deur 'n foto-album aan die komitee voor te lê van sy duiwe en hokke, tesame met die tersaaklike opmerkings/byskrifte.
4.5.6.5 In staat wees om 'n vloerplan te kan teken van 'n tipiese duiwehok waarop die volgende aangetoon word: broeilokale, water- en kosbakke en sitplekke.
4.6 Vir die “Junior van die Jaar” – toekenning moet die kandidate aan ‘n skriftelike en praktiese toets onderwerp word om hul kennis van duiwe en die versorging van duiwe te toets.
4.7 Afhangende van die ouderdom van die junior, kan sy/haar ouers hom/haar help met die opstel van hul motivering.
4.8 Die toekenning sal op die prysuitdelingsfunksie van die kampioenskapskou, oorhandig word. Indien die junior nie teenwoordig is nie, behalwe weens siekte of 'n ander aanvaarbare rede, sal hy die toekenning verbeur en sal dit aan die tweede beste junior presteerder toegeken word.

**5 Ad Paragraaf 6.1**
**Verkiesing van ampsdraers**

5.1 Die Uitvoerende Komiteelede in paragraaf 5.2 van die grondwet vermeld, word vir ‘n tydperk van 3 jaar in hulle onderskeie poste verkies, waarna hulle herkiesbaar is.
5.2 Die termyn van die uitvoerende bestuurslede waarvan die poste gedurende ‘n betrokke jaar vakant raak, loop ten einde by die algemene jaarvergadering.
5.3 Geen persoon mag tegelykertyd twee verskillende uitvoerende bestuursposte beklee nie, met dien verstande dat ‘n uitvoerende bestuurslid ook as ‘n streekverteenwoordiger van sy betrokke streek mag dien.
5.4. Indien ‘n uitvoerende komiteelid hom vir ‘n ander pos as die een wat huidiglik beklee word, wil verkiesbaar stel, moet hy sodra hy hom aldus verkiesbaar stel, uit sy huidige pos bedank, welke bedanking tydens die volgende algemene jaarvergadering van krag sal word.

5.5 Alleenlik opbetaalde lede van die Vereniging is as ampsdraers verkiesbaar tov enige pos in die vereniging, streke of spesialiteitsklubs.

5.6. Elke streek wat 'n persoon of persone, een per amp, op die Uitvoerende Komitee wil benoem, moet hierdie persoon by wyse van meerderheidstem, op sy algemene jaarvergadering aanwys.

5.7. Die streek moet die skriftelike toestemming van die persoon wat hy vir 'n bepaalde bestuurspos wil benoem, verkry. Hierdie toestemming moet tesame met die streek se notule van sy algemene jaarvergadering aan die Nasionale Sekretaris versend word.

5.8. Nominasies vir uitvoerende komiteeampte moet die Nasionale Sekretaris nie later as 31 Desember van die jaar voorafgaande aan die algemene jaarvergadering bereik.

5.9. Van alle genomineerdes vir die onderskeie ampte, behalwe vir persone wat as Nasionale Webmeester, Nasionale Jeugverteenwoordiger, Nasionale Beoordelaarsbeampte, Nasionale Ringmeester en Nasionale Redakteur benoem is, moet die Nasionale Sekretaris 'n lys saamstel wat aan alle lede gesirkuleer word; 'n profiel van elke genomineerde moet saamgestel word vir publikasie in die amptelike mondstuk van die SASV. Hierdie profiele moet die Nasionale Redakteur voor 31 Maart in die verkiesingsjaar bereik.

5.10 Alle lede wie se ledegeld teen 31 Maart vol opbetaal is mag tydens vergaderings aan besluitneming en aan die gesprek deelneem. Nuwe lede wat na die datum aangesluit het, mag aan die gesprekke en besluitneming deelneem, maar nie aan die verkiesing van ampsdraers nie.

5.11 Slegs lede wie se ledegeld teen 31 Maart vol opbetaal is, en wie in die jaar wat die verkiesing voorafgaan volopbetaalde lede was, mag deelneem aan die verkiesing van ampsdraers. Sulke lede is geregtig om per genommerde stembrief ‘n posstem uit te bring. Nadat die lid die stembrief voltooi het, moet hy dit terugpos na die aangewese beampte. Geen stemming sal op die A.J.V. of deur middel van proxy toegelaat word nie.

5.12 By die uitreiking van stembriewe moet die vorige jaar se ledelys geraadpleeg word om te bepaal of ‘n lid stemgeregtig is.

5.13 Elke bona fide lid sal die presensielys teken by aanvang van die algemene jaarvergadering, en die Nasionale Sekretaris sal die geldigheid van sy lidmaatskap bevestig, alvorens die lid enige stem mag uitbring.

5.14 'n Komitee van stemopnemers sal, nadat die algemene jaarvergadering 'n aanvang geneem het, die stemme tel en die uitslag onmiddellik aan die voorsitter van die vergadering, per geslote verslag, bekend maak. Indien twee of meer gemonineerdes tot dieselfde amp, dieselfde aantal stemme verkry, sal die lede op die vergadering teenwoordig, geregtig wees om 'n tweede keer te stem. Indien daar by hierdie stemming weer eens 'n staking van stemme is, sal die ampsdraer vir die betrokke amp, deur die lot bepaal word.

## 6 Ad Paragraaf 7
## Streek- en Nasionale en Ere-toekennings

### 6.1 Streekkleure

6.1.1 Die toekenning word in drie kategorieë verdeel:

6.1.1.1 **Administratief**

Na drie jaar in enige amp wat van toepassing is vir die betrokke streekbestuur uitgesluit “Addisionele lid”.

6.1.1.2 **Beoordeling:**

Sodra ‘n persoon op twaalf (12) streekskoue beoordeel het.

6.1.1.3 **Teler:**

Sodra ‘n senior teler enige van die hooftoekennings, of ‘n junior teler enige van die twee hooftoekennings, (kampioen junior en reserwe kampioen junior duif) 3 keer op ‘n streekskou of jongduifskou verower het met 'n self geteelde duif. Hooftoekennings op die Kampioenskapskou verdien 2 punte teenoor 1 punt op ‘n streekskou. Die voorbehoud geld dat een duif slegs een punt per skou kan verdien selfs al het die duif twee hooftoekennings op dieselfde skou verwerf. 'n Self geteelde duif dra 'n amptelike SASV ring wat aan die teler daarvan uitgereik is.

6.1.2 Tot en met die 6de Julie 2011 kon een duif twee punte verdien het as so duif twee Top Sewe plekke verower het op 'n Kampioenskapskou of Streekskou. Vanaf 26 Januarie 2013 verdien die Top Sewe duiwe op Jongduifskoue ook punte vir die toekenning. Vanaf 7 Julie 2011 verdien `n duif slegs een punt, selfs al ontvang die duif twee toekennings in die Top Sewe.

6.1.3 Streekbesture moet hul vergewis dat sodanige toekenning gedoen word op grond van werk verrig in die geval van administratief en nie op grond van die feit dat die persoon slegs in naam die spesifieke pos beklee het nie.

**6.2. Nasionale Kleure**

6.2.1 Die toekenning word in drie kategorieë verdeel.

6.2.1.1 **Administratief**

Aansoeker moet 12 jaar lid van ‘n streekkomitee wees, uitgesluit addisionele lid, en behoorlik deur die streek gemotiveer, of 6 jaar lank in ‘n pos op die uitvoerende komitee dien. (Dit beteken ook ‘n kombinasie van vlakke, d.w.s. 6 jaar + 3 jaar of 8 jaar + 2 jaar) Verhouding 1 (streeksvlak) tot 2 (nasionale vlak).

6.2.1.2 **Beoordeling**

24 Streekskoue selfstandig in een of meer rasse beoordeel; of 6 kampioenskapskoue beoordeel. (Dit beteken ook ‘n kombinasie van vlakke: 12 streekskoue + 3 kampioenskapskoue) Verhouding 1 tot 4.

6.2.1.3 **Teler**

Sodra ‘n senior teler enige van die hooftoekennings, of ‘n junior teler enige van die twee hooftoekennings (kampioen junior en reserwe kampioen junior duif), 12 keer op ‘n streekskou en jongduifskou of 6 keer op 'n kampioenskapskou, verower het met 'n self geteelde duif. Die voorbehoud geld dat een duif slegs een punt per skou kan verdien selfs al het die duif twee hooftoekennings op dieselfde skou verwerf. 'n Self geteelde duif dra 'n amptelike SASV ring wat aan die teler uitgereik is.

6.2.2 Tot en met die 6de Julie 2011 kon een duif twee punte verdien het as so duif twee Top Sewe plekke verower het op 'n Kampioenskapskou of Streekskou. Vanaf 26 Januarie 2013 verdien die Top Sewe duiwe op Jongduifskoue ook punte vir die toekenning. Vanaf 7 Julie 2011 verdien `n duif slegs een punt, selfs al ontvang die duif twee toekennings in die Top Sewe.

6.2.3 Bewyslewering rus by die aansoeker, gerugsteun deur sy streek of die Uitvoerende Komitee, na gelang van die omstandighede. So ‘n toekenning moet aan die Uitvoerende Komitee vir beslissing voorgelê word.

6.2.4 Groen baadjies mag slegs gedra word nadat die eerste nasionale balkie verwerf is; onder geen omstandighede voor so ‘n toekenning nie. Groen baadjies mag slegs met die goedgekeurde sakwapen en SASV groen das gedra word.

6.2.5 In die geval van vennootskappe kan elke vennoot (maksimum van twee geregistreerde persone, uitgesonder gesins en skool vennootskappe), afsonderlik vir kleure kwalifiseer mits elkeen se duiwe (of kleure) afsonderlik geregistreer was sedert die begin van die

kwalifisering. Waar dit nie die geval was nie, sal die kwalifikasie-vereistes vir elke balkie verdubbel waarna beide vennote op toekennings geregtig sal wees.

6.2.5.1 By ontbinding van ‘n vennootskap deur afsterwe van een lid behou die langslewende lid al die punte verwerf deur die vennootskap tot op daardie datum

6.2.5.2 By ontbinding van ‘n vennootskap en albei lede gaan afsonderlik voort word die punte gelykop verdeel met ‘n afwaartse aanpassing na die ronde getal wat gelykop verdeel kan word

6.2.5.3 By die ontbinding van ‘n vennootskap waar een lid uit die SASV geskors word, behou die ander persoon sy helfte van die punte tot op daardie stadium deur die vennootskap verdien. Afwaartse aanpassing soos omskryf in 6.2.5.2 bly van toepassing

6.2.5.4 Indien ‘n persoon uit ‘n vennootskap hom of haar weer tot ‘n ander vennootskap verbind word die helfte van die punte wat in die oorspronlike vennootskap verdien is na die nuwe vennootskap oorgedra. Afwaartse aanpassing soos omskryf in 6.2.5.2 bly van toepassing.

**6.2.6 Nasionale Kleure – Silwer en Goud**

6.2.6.1 Indien ‘n lid dubbel die vereiste (nasionaal x 2) vir toekenning van nasionale kleure in enige kategorie behaal, so ‘n lid ‘n omboorsel, verskaf deur die SASV, aan sy/haar groen baadjie se moue en onderste sakke mag aanbring. Die toekenning word nasionale kleure silwer genoem.

6.2.6.2 Indien ‘n lid trippel die vereiste (nasionaal x 3) vir toekenning van nasionale kleure in enige kategorie behaal, so ‘n lid ‘n omboorsel, verskaf deur die SASV, aan sy/haar groen baadjie se kraag en lapelle mag aanbring. Die toekenning word nasionale kleure goud genoem.

**6.3 Meriete van dienslewering**

6.3.1 Hierdie toekenning staan bekend as "Hall of Fame" (Praalsaal) en is die hoogste eerbewys wat 'n organisasie soos die SASV aan enkelinge of vennootskappe kan toeken wat werklik deur die jare boverdienstelike werk verrig het.

6.3.2 Die toekenning bestaan uit vier dele, naamlik:

**As eiendom van die lid:**

6.3.2.1 'n Lapelknoop met die wapen van die SASV, die woorde MEMBER: "HALL OF FAME" en plek vir die naam van lid daarop.

6.3.2.2 'n Miniatuur Skild met die wapen van die SASV, asook die woorde MEMBER: "HALL OF FAME", die jaar waarin ontvang en plek vir gravering van die persoon se naam.

**As eiendom van die SASV:**

6.3.2.3 ‘n Register van MEMBERS: “FANCY PIGEON HALL OF FAME” sal deur beide die Nasionale Sekretaris en Nasionale Webmeester van die SASV op datum gehou word

6.3.3 **Kriteria waaraan voldoen moet word:**

Die aansoekvorm **(Aanhangsel A)** moet ten volle voltooi word en alle stawende inligting moet breedvoerig verskaf word.

6.3.4 **Inwerkingtreding van die stelsel**

Die stelsel tree inwerking met die kampioenskapskou van 1996.

6.3.5 **Die prosedure wat gevolg moet word**

6.3.5.1 Omdat hierdie toekenning die hoogste eerbewys is wat 'n organisasie soos ons kan gee, het die Uitvoerende Komitee 'n kundige, staande komitee met uitvoerende magte daargestel om alle aansoeke te oorweeg en beslissings daaroor te neem.

6.3.5.2 Geen persoon mag homself nomineer nie. Geen aansoek om toekenning sonder 'n behoorlike en volledige verslag met die nodige motivering, wat deur enige streekkomitee

opgestel en deeglik oorweeg is, mag na die staande komitee van die Uitvoerende Komitee vir oorweging verwys word nie.

6.3.5.3 Benewens 'n skriftelike verslag moet die streekkomitee die voorgeskrewe vorm **(Aanhangsel A)** voltooi en 'n puntetoekenning maak op grond van sy vertolking van sy verslag.

6.3.5.4 Beide dokumente moet die Nasionale Sekretaris nie later nie as 31 Maart bereik.

**6.4 Langdienstoekennings**

6.4.1 Die Nasionale Ringmeester moet elke jaar by die eerste UK vergadering tydens die Kampioenskapskou die name van aktiewe lede voor die UK lê wat daardie jaar kwalifiseer vir langdienstoekennings. Ten einde te kwalifiseer vir die toekenning moet `n lid se ledegeld teen 30 Junie van die betrokke jaar opbetaald wees. Die termyn vir langdienstoekennings word bepaal deur die Uitvoerende Komitee. Slegs voltooide kalenderjare sal in ag geneem word.

6.4.2 Die jare wat ‘n natuurlike persoon aan die SASV behoort, hetsy as deel van ‘n vennootskap of as ‘n individu moet in ag geneem word tydens die berekening van langdienstoekennings.

**6.5 Trofees**

6.5.1 Alle trofees wat onder die beheer van die SASV sorteer, is die eiendom van die SASV

6.5.2 Persone of streke wat een of meer trofees van die SASV tydens ‘n S.A. Kampioenskapskou verower, is verantwoordelik vir daardie trofee of trofees in die geheel en enige skade of verliese wat aan sodanige trofee mag voorkom, sal die verantwoordelikheid van sodanige persone of streke wees.

6.5.3 Trofees moet deur die wenners daarvan op eie koste gegrafeer word.

6.5.4 Trofees moet deur die wenners daarvan, veilig terugbesorg word aan die Nasionale Sekretaris vir hertoekenning tydens die volgende kampioenskapskou.

6.5.5 Die Nasionale Sekretaris sal verantwoordelik wees vir die beheer van alle trofees d.m.v. die byhou van 'n register wat deur die betrokke lid wat die trofee verower onderteken moet word.

**7 Ad paragraaf 10.1**
**Verslae vanaf streke**

7.1 Alle streeksekretarisse is verplig om voor 31 Desember van elke jaar, 'n afskrif van die notule en presensielys van die streek se algemene jaarvergadering en 'n lys van bates van die streek aan die Nasionale Sekretaris te versend.

7.2 Alle streektesouriere is verplig om binne 60 dae na 31 Desember van elke jaar 'n afskrif van die geouditeerde finansiele state aan die Nasionale Tesourier van die SASV te versend.

7.3 Alle dokumentasie gelys onder 7.1. en 7.2. moet deur die president en sekretaris of tesourier van die streek, afhangende van die geval, onderteken wees.

7.4 Wysigings tov streekverteenwoordigers moet die Nasionale Redakteur van Die Sierduif so spoedig moontlik bereik; steekbesture behoort volledig in Die Sierduif geplaas te word vir kennisname deur alle lede.

7.5 Streeksverteenwoordigers moet skriftelik aan hulle streke terugvoering gee oor UK en AJV sake en die verslag aanheg aan die streek se AJV notule.

7.6 Streekverteenwoordigers moet jaarliks voor einde April ‘n opname van redes waarom lede nie hul lidmaatskap hernu het nie aan die Vise President aanstuur.

**8 Ad paragraaf 10.2**
**Beheer oor spesialiteitsklubs**

8.1 Spesialiteitsklubs mag hul AJV's hou op ander tye as tydens die Kampioenskapskou waar die volgende sake bespreek moet word:

8.1.1 Die getekende finansiële state van die spesklub.

8.2 Tydens die tweede UK- vergadering op die Kampioenskapskou moet elke spesklub se verteenwoordiger die volgende inhandig.

8.2.1 Die klub se bestuursrol vir die Nasionale Sekretaris.

8.2.2 Afskrifte van die klub se getekende en aanvaarde finansiële state vir die Nasionale Tesourier.

8.2.3 Die klub se ringbestelling vir die volgende jaar vir die Nasionale Ringmeester.

8.2.4 Die klub se datums en plek van spesskoue en duiwedae vir die Nasionale Vise-President onder die bemarkingsvaandel.

8.2.5 Die klub se jaarverslag vir die Nasionale Vise-President.

8.2.6 Die klub se grondwet vir die Nasionale Sekretaris.

8.3 Indien die spesialiteitsklub nie in staat is om die finansiele state of die banksaldo voor te lê nie, of waar nalate deur die rekeningkundige beampte geskied of wanbesteding deur hom vermoed word, sal die volgende reëls geld:

8.3.1 Die bestuur van die betrokke spesialiteitsklub moet onmiddellik die Nasionale Tesourier en die Nasionale Sekretaris van voormelde toedrag van sake in kennis stel en moet ook die naam en adres van die persoon wat vir die nalate te wyte is, of wat van wanbesteding verdink word, (hierna "die beskuldige" genoem) verskaf.

8.3.2 Indien skriftelik daartoe deur die Nasionale Tesourier versoek, moet die skuldige binne 14 dae die bankstate en die finansiele state aan die Nasionale Tesourier voorlê.

8.3.3 Versuim die skuldige om hieraan te voldoen sal die Uitvoerende Komitee van die SASV of 'n afvaardiging deur hom daartoe aangewys, geregtig wees om met 'n visenteringslasbrief, die woon- of werksperseel van die skuldige te betree, dit te deursoek om op alle relevante dokumente beslag te lê.

8.3.4 Elke ampsdraer van 'n spesialiteitsklub verbind hom onherroeplik tot die prosedure in paragraaf 7.3.3 uiteengesit.

8.4. Die Uitvoerende Komitee sal hierna die nodige tugstappe teen die skuldige instel en indien dit blyk dat die betrokke klub nie instaat is om sy sake te bestuur nie, kan daar ook deur die Uitvoerende Komitee teen die betrokke klub opgetree word.

8.5. Die Uitvoerende Komitee kan desnoods, onderworpe aan die goedkeuring van die algemene jaarvergadering, besluit om die betrokke spesialiteitsklub te ontbind.

8.6. Spesialiteitsklubs moet finansiele rekeninge byhou en geld moet in 'n bankrekening gehou word; indien geen bankrekening geopen kan word nie, sal die gelde deur die Nasionale Tesourier namens die klub bestuur word. Waar moontlik moet minstens twee persone oor tekenregte op die rekening beskik, maar waar sodanige bepaling onprakties blyk te wees, moet spesklubs die nodige maatreels in plek kry vir doeltreffende beheer tot bevrediging van die Nasionale Tesourier.

8.7. Geen spesialiteitsklub kan voorbestaan wanneer en indien slegs een persoon die volle bestuur verteenwoordig nie of waar die klub nalaat om sy bestuursrol in te dien. Sodanige klub se aktiwiteite sal opgeskort word en indien daar nie binne 30 dae op versoeke bevredigend gereageer word nie, kan die Uitvoerende Komitee tugstappe teen die spesialiteitsklub instel en desnoods die spesialitietsklub ontbind.

8.8. Wanneer 'n spesialiteitsklub ontbind is sal sodanige klub nie weer gestig kan word sonder om uitvoering te gee aan die reëls en prosedures soos vervat in die handleiding van die

beoordelaarsforum nie. Alle handelinge ingevolge die voorafgaande bepalings sal dus vir kennisname na die Sekretaris van die Beoordelaarsforum deurgevoer word.

8.9. Vir behoorlike beheer en kontrole, asook ordelike administrasie, is dit wenslik dat die nodige rekordhouding van elke klub op afsonderlike argiefstukke deur die tersaaklike poste bygehou word.

8.10. Daar sal met die bates van spesialiteitsklubs, wat ingevolge hierdie bepalings ontbind is, ooreenkomstig artikel 10.2.7 van die grondwet gehandel word.

**9 Ad Paragraaf 10.3**
**Werwing van Advertensies, Borge, Donasies of Duiwe wat vir die Nasionale Kampioenskapskou veiling geskenk word**

9.1 Alle lede van die SASV mag advertensies en borgskappe werf met die oog daarop om die koste van Die Sierduif te help delg of fondse vir die SASV in te samel, met die oog op die aanbied van die Kampioenskapskou.

9.2 Lede behoort 'n skriftelike identifikasie en magtigingsbrief vanaf die Nasionale President te ontvang wat getoon kan word wanneer advertensies en/of borgskappe gewerf word.

9.3 Enige lid kan meer as die vasgestelde bedrag van 'n advertensie probeer werf, mits dit nie die werwing daarvan benadeel nie. Die addisionele bedrag kan deur die lid vir sy Streek vanaf die SASV teruggeeis word. So 'n aansoek moet deur die Sekretaris/Tesourier van die Streek/Spesialiteitsklub aan die Nasionale President gerig word, wat dit as korrek sal sertifiseer waarna dit aan die Nasionale Tesourier versend sal word.

9.4 Enige terugbetaling van advertensie geld wat gedoen word, sal nie vir die Bertie Wessels Trofee in aanmerking geneem word nie.

9.5 Alle advertensies is streng vooruit betaalbaar, behalwe waar vooraf ooreengekom met vaste adverteerders.

9.6 Vir elke R1000.00 aan advertensiegeld gewerf, volblad advertensie (uitgesluit borgskappe) is die werwer daarvan geregtig om een lid ten opsigte van die SASV vir die komende finansiële jaar te benoem vir gratis lidmaatskap; in hierdie geval sal geen addisionele advertensiegelde vir die betrokke Streek teruggeeis kan word nie.

9.7 Punte word aan Streke toegeken (nie aan indivuduele lede wat die advertensie, donasie en borgskap gwerf het nie, maar aan hul Streke) gegrond op die rand-waarde van donasies, borgskappe, advertensie gewerf asook duiwe wat vir die Nasionale Kampioenskapskou veiling geskenk word. Die punte toekenning sal geskied op een (1) punt vir elke R1,00 wat ingevorder of gewerf word.

**10. Ad paragraaf 11**
**Hou van Duiweskoue**

10.1 Die Nasionale Sekretaris is verantwoordelik om toe te sien dat skoue wat deur streke aangebied word, sodanig plaasvind dat naburige streke mekaar nie oorvleuel op dieselfde dae nie.

10.2 **Die volgende riglyne sal geld:**

10.2.1 Die kampioenskapskou geniet voorrang bo alle skoue.

10.2.2 Streekskoue geniet voorrang bo enige jongduif-, landbou- of spesialiteitsklubskoue en mag onder geen omstandighede met enige streekskou saamval waar dit 'n streekskou negatief kan beinvloed nie.

10.2.3 Die Nasionale Sekretaris is by magte om, na oorlegpleging met die Dagbestuur van die Uitvoerende Komitee, enige skou van 'n ondergeskikte aard dan 'n streekskou waarteen ingedruis word, nietig te verklaar; sodanige skou sal geen punte verdien of deur die

vereniging erken word nie; hierdie reël geld nie waar streke wyd van mekaar geleë is nie en waar die een geen inbreuk op die ander maak nie.

10.3 Die streekbestuur of spesialiteitsklubbestuur wat skoue onder die vaandel van die S.A.S.V. aanbied, is verplig om alle prosedures soos uitgevaardig deur die Beoordelaarsfurm (onder gedelegeerde mag) na te kom.

10.4 Besture wat in gebreke bly by die uitvoering van 9.2. of 9.3. mag, op aanbeveling van die Uitvoerende Komitee, deur die algemene jaarvergadering beboet word met 'n bedrag geld soos wat van tyd tot tyd deur die algemene jaarvergadering op aanbeveling van die Uitvoerende Komitee besluit mag word.

**11 Ad Paragraaf 2**
**Ledelyste**

11.1 Gedurende Februarie, sal ledelyste deur die Nasionale Ringmeester, aan elke streeksekretaris of streekpresident versend word. Hierdie lyste moet deur streekbesture deurgewerk word om:

11.1.1 vas te stel watter lede nog nie hul ledegeld hernu het nie; sodanige lede aan te moedig om dit te doen en om ledebesonderhede te kontroleer vir die korrektheid daarvan; voorts om te bepaal wat die oorsake is waarom lede nie hernu nie.

11.1.2 die korrekte weergawe daarvan so spoedig moontlik terug te pos aan die Nasionale Ringmeester vir regstelling van die ledelys.

11.2 'n Tweede ledelys sal gedurende April versend word vir soortgelyke optrede.

11.3 Die name van onaktiewe lewenslange lede sal saamgegroepeer word in ‘n streek wat bekend sal staan as die Onaktiewe Streek. Sulke lede geniet steeds die volle regte van lidmaatskap, soos verskans in die grondwet, maar kan nie besluitneming en kworums op vergaderings beïnvloed nie. Sou sodanige lid weer aktief betrokke raak by die SASV, kan hulle op versoek teruggeplaas word na die streek van hulle keuse.

**12 Ad Paragraaf 12**
**Bestelling van ringe, sakwapens, ens.**

12.1 Bestellings t.o.v. ringe, sakwapens, ens. sal onder geen omstandighede aan enige lid versend word voordat die korrekte bedrag geld nie deur die Nasionale Ringmeester of Nasionale Tesourier ontvang is nie.

12.2 Spesklubringe sal onder geen omstandighede vir spesklubs bestel word alvorens 'n deposito nie deur die betrokke klub by die Nasionale Ringmeester inbetaal is nie. Hierdie deposito sal gebasseer wees op die koste per ring van die vorige jaar x die getal ringe benodig; die balans betaalbaar alvorens die ringe deur die Nasionale Ringmeester versend sal word.

**13 Ad paragraaf 14**
**Dissipline**

Die prosedures wat gevolg sal word by die instelling van enige wangedrag ondersoek ingevolge die grondwet en reëls, sal wees soos uiteengesit in **Aanhangsel B** wat deel uitmaak van hierdie reëls.

**14 Ad paragraaf 13**
**Die Sierduif**

Geen artikel wat afbrekend en/of negatief vir die beeld van die SASV of sy lede is mag in Die Sierduif gepubliseer word sonder die toestemming van beide die Nasionale President en Nasionale Vise President nie.

**15 Sosiale Media**

Aangesien die SASV deel vorm van genoemde forum met al sy vertakkinge is daar besluit op ‘n beleid van toepassing op alle lede van die SASV. Sien **Aanhangsel C** wat deel uitmaak van hierdie reels.

**Chris de Bruin**
**Nasionale President**
**8 Julie 2025**

**Gerhard van Aswegen**
**Nasionale Sekretaris**
**8 Julie 2025**

**Aanhangsel A**
**Bladsy 1**

**Highest Merit Award in SAFPA**
**"Hall of Fame"**

**Rules (procedures) - see regulation 6.3 in the By-laws**

**Introduction:**

The Executive Committee has set up a Hall of Fame Committee during 1996, under chairmanship of the National Secretary of the South African Fancy Pigeon Association, who at all times will be the coordinator of this committee without a carrying vote.

With time the members of this committee have been changed and are during 2012 as follows, irrespective their current standings in the SAFPA: Rev. H. Hattingh, B Wessels, C de Bruin and P. le Roux.

**Methodology:**

1. All applications for Hall of Fame Award's, must be set up by regional committees with a comprehensive and broad report covering all aspects of the criteria, with the emphasis on section 3, 4 and 5. Specifications of year's service, positions served on committees and achievements must be made for reconciliation purposes. Approximations or estimations will be accepted only when exact date's is not available.
2. The criteria-application form is primarily used to allocate points based on the region's calculations but must be accompanied by the written report.
3. The Hall of Fame Committee has full power to accept or turn down any application, with provision of reasons for any number of people who qualify on a given day.
4. Hall of Fame awards will be confirmed by the Management Committee of the Executive Committee without any discussion, except in the case where members of the executive committee are involved.
5. The National Secretary will send all rejected applications back to the relevant region where the application originated.
6. The Hall of Fame Committee can revise points allocated after a direct comparison with actual events and other applications served before him in the past. Both the application form and the written report must reach the National Secretary of SAFPA on or before the 31st day of March before the commencement of the Annual National Championship Show.
7. The criteria point structure will serve as a means of determining whether a person qualifies or not. All applicants that do not meet the 80 (eighty) percent qualification, due to having neglected to supply information, or where specifics could not be confirmed, or in the case where additional achievements are obtained, will be able to re-apply during the following year once sufficient proof has been supplied.
8. Hall of Fame awards can be awarded to single members as well as all members of a longstanding partnership within SAFPA. In case of a longstanding partnership, all members of the partnership should perform individually and will be judge as such. However, the allocation can be made to an individual member of a partnership.
9. The Hall of Fame award, a scroll and a shield, will be presented to successful applicants during the Annual National Championship Awards Ceremony. In the case of longstanding partnerships, only one scroll and shield will be presented to the applicants in the partnership, but each partner will receive a badge with his/her name on.

**Aanhangsel A**
**Bladsy 2**

**HALL OF FAME APPLICATION:**
**Criteria**
***Section 1 (15 points)***
The applicant, or each applicant of a partnership, must be a member(s) of good standing with a clean record in the National body, at region level and at specialist club level.
Any member or any member of a partnership who, during their years as member(s) was found guilty of any misdemeanors, including expulsions, within the SAFPA framework, irrespective of the magnitude, shall not be considered in any way to achieve the allocated points and shall also immediately be disqualified from this award program.
***Section 2 (25 points)***
The member must have served at least 10 (ten) years on the Executive Committee and/or 15 (fifteen) years at regional level, concurrently or separately. This makes up a total of a 25 (twenty-five) year term. Every year longer than 10 (ten) years at the executive level will be accredited as 2 (two) years at the regional level. In the case of a partnership, the total years served by all the members within the partnership should be at least 1½ times that of the above.
**Calculation of Points**
Regional representatives (Who must be the President) serving on the Executive will receive the same credits as a National Executive member.
There need to be proof that Regional Representatives had attended the Executive Committee meetings in order to qualify for the same credits as National Executive members.
Regional posts which qualify, are the following: President (Regional Representative), Vice President, Secretary, Treasurer, Judges Official, Show Manager and Show Secretary.

**Allocation of points will occur under the following sections:**
1. National Executive Committee posts: 1 (one) point for each year served - maximum 10 points.
2. Regional Committee posts: 1/2 (half) a point for each year served - maximum 15 points.
3. Bonus points can only be allocated on the National Executive level, where 1 (one) year served on the National Executive is equivalent to 2 (two) years served at Regional level, for each year longer than 10 (ten) years at National Executive level.

2 bonus points earned x number of years ____ = ____
***Section 3 (50 points)***
Adequate proof of events and motivation must be supplied in the following fields where achievements have occurred:
**1. Administration** - this pertains to a person's dedication and willingness to help within their specialist club, region or the executive; this applies also to each individual member of a partnership. This point refers to, but is not limited to the following in the pigeon hobby: organizing shows, pigeon days, serving on committees, etc. In case of a partnership at least one member should excel under this criteria - ***11 points***
**2. Judging** on shows in a variety of breeds, and managing pigeon standards, i.e., writing, reviewing and translating. In the case of a partnership, at least one member of the partnership should excel under these criteria - ***7 points***
**3. Attendance** of a broad spectrum of specialist, region & national shows, and not just local regional shows. In the case of a partnership, each member will be judged on attendance in the above criteria. - ***6 points***

**Aanhangsel A**
**Bladsy 3**

**4. Achievements** on shows as a breeder and exhibitor are it on individual basis or in a partnership. (These must be specified). This also refers to names and examples of assistance given to other breeders (be it by way of quality birds provided to the breeder), educational articles in the national pigeon magazine or any other outside magazine or a specialist club magazine, etc. Further points of consideration are providing help to other fanciers by classing their pigeons for show or breeding purposes for the betterment of various breeds. - ***10 points***
**5. Marketing** - the extent to which the individual member or each member of a partnership advertised the Fancy Pigeon hobby by way of marketing and gaining new members - ***6 points***

**6. General leadership and organization in the hobby** - this includes organization of shows, pigeon days be it within the region, specialist club or on national level within the framework of SAFPA. Specifics in this area for each member in question are creativity, leadership skills and the ability to pull fellow members together as a unit which SAFPA can be proud of - ***10 points***

***Section 4 (10 points)***
Obtaining national colours are important. An individual member, or two members of a partnership, should at least have 1 (one) scroll in national colours in Administration, Breeding or Judging before any application can be considered for the Hall of Fame Award.
Take in consideration the guidelines for National colours which are as follows:
**a. Administration -**
The applicant(s) must have served for 12 (twelve) years on a regional committee or the applicant must have served 6 (six) years on the National Executive Committee. This also includes a combination of the two, in the ratio of 2:1.

**b. Breeder –**
This includes 12 (twelve) awards in the top seven champions on regional shows or 6 (six) awards in the top seven champions at the National Show. The birds should have been bred by the applicant(s). This also includes a combination of the two, in the ratio of 2:1.
**c. Judging -**
The applicant(s) must have independently judged more than 1 (one) breed at 24 (twenty-four) regional shows or 6 (six) national shows. This also includes a combination of the two, in the ratio of 4:1.
NOTE – The following allocation must be followed under these criteria:
10 points All three colours for the individual member or at least 5 colours for the partnership as a group.
6 points Two colours for the individual member or at least 4 colours for the partnership as a group.
2 points One colour for the individual member or at least 2 colours for the partnership as a group.
0 points Zero national colours for the individual or zero colours for the partnership as a group.
**GRAND TOTAL - 100 points.**
**Qualification total - 80%, i.e. 80 points**

**Aanhangsel B**
**Bladsy 1**

**Tugondersoek**
In die tugondersoek tussen:
Die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging (hierna die SASV genoem)

En ......................................................................

**Klagstaat**

GELIEWE KENNIS TE NEEM dat die volgende bewerings wat na die oordeel van die uitvoerende

komitee/dagbestuur van die uitvoerende komitee, prima facie wangedrag daarstel, wat deur

............................................................................................... teen u gemaak is:

.................................................................................................................................................

.................................................................................................................................................

GELIEWE AAN TE DUI wat u op aanklag pleit:

Skuldig: ............................................... Onskuldig: ...................................................

(Merk waar toepaslik met 'n X)

............................................................
Handtekening:

Datum: ............................................................

**Aanhangsel B**
**Bladsy 2**

**Prosedure**
Indien u skuldig pleit sal die aangeleentheid op 'n summiere wyse deur die uitvoerende komitee afgehandel word. U is egter geregtig om skriftelike, of mondelinge betoë voor die uitvoerende komitee te plaas, ter versagting van vonnis.
Indien u onskuldig pleit sal u mettertyd van die datum, tyd en plek verwittig word waartydens u, op u eie koste vir 'n tugondersoek voor die uitvoerende komitee of 'n komitee deur die uitvoerende komitee aangewys, moet verskyn.
Indien u nie op hierdie klagstaat reageer nie of indien u reageer maar nie vir die verhoor opdaag nie, sal die saak summier in u afwesigheid, op die beskikbare getuienis afgehandel word.

**Regte**
Of u skuldig of onskuldig pleit, word u hiermee ingelig dat u op die volgende regte tydens die tugverhoor mag aanspraak maak:
1 'n Reg tot insae in alle verklarings en dokumentêre bewysstukke wat tydens die verhoor teen u gebruik gaan word, of teen betaling van die fooi soos van tyd tot tyd deur die algemene jaarvergadering vasgestel, op afskrifte van voormelde dokumente en verklarings.
2 Om 'n regsverteenwoordiger van u eie keuse, op u eie koste te bekom, om u tydens die tugverhoor by te staan. Die SASV is nie in 'n finansïele posisie om aan u gratis regsbystand te verleen nie. U is egter geregtig om enige ander lid van die vereniging te nader om u gratis by te staan, indien hy of sy bereid is om dit te doen.
3 Indien u ontevrede is met die uitslag van die verhoor, hetsy wat betref skuldigbevinding of vonnis of beide, het u 'n reg tot appèl tot die algemene jaarvergadering. Sodanige appèl moet binne veertien dae na afhandeling van die verhoor aangeteken word.

**Skorsing**
_____ Vanweë die erns van die bewerings teen u het die uitvoerende komitee/dagbestuur van die uitvoerdende komitee van die SASV besluit om u lidmaatskap van die SASV met onmiddellike effek op te hef, hangende die afhandeling van die tugondersoek teen u.
U is geregtig om binne tien dae na ontvangs van hierdie dokument, skriftelik, met 'n volledige **opgaaf** van redes, teen die opskorting van u lidmaatskap beswaar aan te teken.
Die uitvoerende komitee/dagbestuur sal die skorsing na ontvangs van u beswaar heroorweeg, welke beslissing daarna finaal sal wees, hangende die uitslag van die verhoor.
_____ Die uitvoerende komitee/dagbestuur het voorlopig besluit om nie u lidmaatskap van die SASV op te skort, hangende die uitslag van die tugondersoek nie. Indien verdere inligting bekom word, mag hierdie besluit egter in heroorweging geneem word.

(Merk waar van teopassing met 'n X)

Geteken te ........................................ op hierdie ..................... dag

van.........................................20…...

Nasionale Sekretaris: SASV

**Aanhangsel C**
**Bladsy 1**

## BELEID OOR SOSIALE MEDIA

**1. Doel**

Die doel van hierdie beleid is om die amptelike gebruik van die SASV se sosiale media-kanale te reguleer.

Gebruikers van die SASV se sosiale media-kanale moet hoë etiese en gedragstandaarde aan die dag lê en moet verantwoordelik optree wanneer hulle idees en inligting op die SASV se sosiale media-netwerke uitruil.

Voorts moet gebruikers verstaan dat hulle as verteenwoordigers van die SASV verantwoordelikhede het en dat hulle optrede ŉ positiewe of negatiewe uitwerking op die SASV se openbare beeld en reputasie kan hê.

2. **Organisatoriese bestek**

Hierdie beleid is van toepassing op alle amptelike sosiale media aktiwiteite deur gebruikers van die SASV se sosiale media-netwerke. Hierdie gebruikers is onder meer opbetaalde lede van die SASV asook derdepartyverskaffers wat die SASV verteenwoordig.

Nie nakoming van hierdie beleid en prosedures wat daarin beskryf word, kan as wangedrag beskou word en kan daartoe lei dat dissiplinêre stappe teen oortreders gedoen word.

**3. Beleidsverklaring**

Die SASV verwelkom die ontwikkeling en gebruik van sosiale media as ŉ instrument vir kommunikasie in die globale wêreld.

Aangesien die sosiale media vir gebruikers ŉ openbare platform bied om hulself uit te druk, is dit vir die SASV belangrik om duidelike riglyne te vestig rakende verantwoordelike gedrag, standaarde van optrede en verwagtinge waarby gebruikers moet hou wanneer hulle sosiale media vir amptelike doeleindes gebruik.

Gebruikers moet onthou dat enige amptelike aktiwiteit op openbare platforms ŉ impak op die beeld van die SASV en sy lede het en hulle moet hulle dus ten alle tye weerhou van enige aktiwiteit wat hierdie beeld kan skaad. Daar moet ook daarop gelet word dat sekere vorms van gedrag as wangedrag beskou kan word ingevolge die bepalings van die SASV se Grondwet en Reëls en ook ŉ strafregtelike misdryf kan uitmaak, in welke geval oortreders deur die owerhede vervolg kan word. Die SASV se Grondwet en Reëls wat gebruikers se gedrag tydens normale verkeer reguleer, is ook op gebruikers se aanlyn gedrag van toepassing.

**Aanhangsel C**
**Bladsy 2**

Die SASV ondersteun vryheid van uitdrukking en die reg van assosiasie. Gebruikers moet hierdie regte egter op ŉ verantwoordelike wyse uitoefen sodat ander partye geensins benadeel word nie.

4. **Omskrywing van terme**

4.1 Sosiale media: enige webblad of medium wat vir openbare kommunikasie voorsiening maak, insluitende maar nie beperk nie tot sosiale en professionele netwerkblaaie, mikroblogblaaie, video- en fotodeelblaaie, forums, besprekingsblaaie en –groepe, potgooiblaaie en kitsboodskapdienste (insluitend kortboodskapdienste (SMS)).

4.2 SASV: Suid Afrikaanse Sierduif Vereniging, - Streke, - Spesialiteitsklubs en opbetaalde lede.

4.3 Gebruikers: Opbetaalde lede van SASV, deeltydse en voltydse werknemers, kontrakteurs en derdepartyverskaffers, en alle persone wat gemagtig is om inhoud voort te bring vir sosiale mediaplatforms wat met die SASV geassosieer word.

4.4 Ongewenste gedrag: Ook, maar nie beperk nie tot die voortbring van inhoud wat nadelig is vir die beeld of reputasie van die SASV of van lasterlike, pornografiese, teisterende en/of onbetaamlike aard is, of gedrag wat ŉ vyandige omgewing skep.

**5. Persoonlike gebruik van sosiale media**

5.1 Die persoonlike gebruik van sosiale media moet op so ŉ wyse geskied dat geen skakeling of assosiasie met die SASV aangedui word nie. Om hierdie rede word persoonlike gebruik nie in hierdie beleid gedek nie.

5.2 Die SASV sal egter die nodige stappe doen indien gebruikers sosiale media gebruik op ŉ wyse wat ŉ regstreekse, onregstreekse of potensiële impak op die SASV se reputasie of belange het.

6. **Gesag**

Gebruikers moet opbetaalde lede van die SASV, Streek- en Spesialiteitsklub-besture en, waar nodig, die kantoor van die SASV raadpleeg om vas te stel of hulle voorgenome handelinge gemagtig is.
Die President van die SASV is die eienaar van hierdie beleid.

7. **Gebruik van sosiale media vir die SASV**

Gebruikers moet:

7.1 seker maak dat enige inligting oor die SASV of sy aktiwiteite wat bespreek word, nie vertroulik is nie en in die openbaar beskikbaar is.

7.2 redelike stappe doen om te verseker dat inhoud wat gepubliseer word, akkuraat is en nie misleidend is nie.

**Aanhangsel C**
**Bladsy 3**

7.3 seker maak dat die gebruik van sosiale media voldoen aan die tersaaklike bepalings van die grondwet en reëls van die SASV en die gebruiksbepalings wat op die betrokke sosiale media van toepassing is.

7.4 aan die landswette voldoen, byvoorbeeld wette rakende kopiereg, privaatheid, laster, diskriminasie en teistering.

7.5 altyd met respek en hoflikheid optree wanneer sosiale media gebruik word.

**8. Gebruik van beelde en video's**

Groot sorg moet aan die dag gelê word voordat identifiseerbare beeldmateriaal of video's geplaas word, en toestemming om dit te doen, moet verkieslik vooraf verkry word.

**9. Verantwoordelikheid vir implementering**

Streek- en Spesialiteitsklub-besture, saam met die Uitvoerende Komitee van die SASV, moet nakoming van die bepalings rakende die aanvaarbare gebruik van sosiale media verseker en moet redelike stappe doen om te verseker dat alle gebruikers van die inhoud van hierdie beleid kennis neem.

**10. Inwerkingtreding en beleidslewensiklus**

Hierdie beleid tree in werking op 30 Januarie 2017 en moet elke vyf jaar hersien word.